# Gebruiksaanwysing

Met die saamstel van hierdie konkordansie is gebruik gemaak van die teks van die belydenisskrifte wat in opdrag van die Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (1979) in Afrikaans vertaal is.

Die volgende afkortings word gebruik:

| | |
|---|---|
| AGB | Die Apostoliese Geloofsbelydenis |
| GN | Die Geloofsbelydenis van Nicéa |
| GA | Die Geloofsbelydenis van Atanasius |
| NGB | Die Nederlandse Geloofsbelydenis |
| HK | Die Heidelbergse kategismus |
| DL | Die Dordtse Leerreëls |

In die verwysings na die Heidelbergse Kategismus word die nommer van die betrokke vraag en antwoord (V/A) aangegee.

In die verwysings na die Dordtse Leerreëls word van drie stelle syfers gebruik gemaak. Die eerste syfer verwys na die hoofstuk. Die tweede syfer verwys óf na die stellende deel van die hoofstuk (1), óf na die weerleggende deel daarvan (2). Die derde syfer verteenwoordig die betrokke artikel.

Die Geloofsbelydenis van Nicéa word nie in artikels verdeel nie, en verwysings is dus na die geheel.